DIE IMPLIKASIES VAN die HERE (JHWH) SE REGSGEDING MET DIE GELOFTEVOLK

1.
Om ‘n regsgeding te voer moet daar ‘n regsomgewing wees en daar moet gesag wees. JHWH (die HERE) het van die begin af ‘n regsomgewing geskep vir die mense met wie Hy bemoeienis maak. Ons lees: “en die HERE God het aan die mens (Adam) bevel gegee” (Gen 2:16). Vanaf hier het JHWH (die HERE) persoonlik gekommunikeer met Sy uitverkorenes. Vanaf Set tot Noag (Gen4:26b). Ook m.b.t. Abraham, Isak en Jakob sê God: “Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met My Naam, JHWH, het ek My nie aan hulle bekend gemaak nie. (Eks 6:2)

M.b.t. Abraham sê die HERE (JHWH): “Want Ek het hom verkies dat hy aan sy kinders en sy huis bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen"(Gen18:19a. Maar die regsomgewing het van die begin af gegeld oor die hele aarde. So stel JHWH(die HERE) dit aan Abraham dat sy nageslag vir 400 jaar in Egipte in bewaring gehou sal word-selfs in slawerny -sodat die ongeregtigheid van die Amoriet eers vol kan word(Gen15:13,16). Met die verwoesting van Sodom in vooruitsig, kla Abraham: ‘’Laat dit vêr van U wees... om die regverdiges saam met die goddelose om te bring...sal die Regter van die ganse aarde geen reg doen nie?"(Gen18:25)

2.
Met die uittog uit Egipte het God die volksbehouering van die nageslag van Abraham, Isak en Jakob ingestel ten einde Sy verbondsonderneming teenoor hulle na te kom. Toe het God dit vir die eerste keer nodig geag om die regsomgewing by Horeb duidelik self te omskryf met wette, insettinge en verordeninge waarvolgens die volksadministrasie moet geskied. (Eksodus 19 en verder).

Hierdie regsomgewing is dan as ‘n Verbond aan die nuwe volk voorgelê. Dit het die nuwe volk uitgelig onder die nasies om God se eiendomsvolk te wees. Die wetsgehoorsame volkshuis sou dan getuienis volk wees van God se Almag en Genade en sodoende JHWH (die HERE) se lof voor die heidene verkondig. Die Volk het hierdie Verbond bevestig en eenparig gesê:”Alles wat die HERE gespreek het sal ons doen..."(Gen19:8) Daarop het die Teokrasie van JHWH tot stand gekom: “en Hy (JHWH) het Koning geword in Jesurun... (Deut33:5). En Moses het die hele Volk toegespreek en gesê: “wees stil en luister, o Israel, vandag het jy die volk van die HERE geword." (Deut27:9)

Na die sluiting van hierdie Verbond deel die Koning die Volk die volgende mee:”leer dit aan julle kinders deur daaroor te spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."Deut11:19)

3.
Maar hierdie Verbond is nie slegs ‘n statutêre dikreet en ooreenkoms nie. Dis ‘n Volkshuis wat gevestig word op die liefde vir die Koning. “As julle dan luister na My gebooie, om die HERE(JHWH) julle God lief te hê en Hom te dien met julle hele hart en met julle hele siel, dan sal Ek die reën gee op die regte tyd..."(Deut11:13,14)

Die bedeling is gevestig om die Koning se Almag en Genade aan die volke van die skepping bekend te maak. “Toon dan dat julle heilig is en wees heilig want Ek is die HERE (JHWH) julle God "(Lev20:7) Dan maak die Koning vooruit bekend: Seëninge as jul getrou bly by die bepalings van die Verbond maar straf (tugtiging) wanneer daar nie daarby gehou word nie (Deut11). Wanneer daar deur die Volk oortreding is m.b.t. insettinge, verordeninge en gebooie sal die tugtiging tot bekering teëspoed op tydelike gebied meebring. Hoe gouer die Volk die tugtiging raaksien as tugtiging en hul bekeer, hoe beter vir die Volk. Die waarskuwing is dat die Volk die tugtiging ter harte sal neem.

4.
“As julle hierdeur jul nie laat tugtig nie maar julle teen My versit, dan sal Ek My ook teen julle versit (Lev26:23-24) Maar wanneer die Volk sou reageer op tugtiging hoor ons: “As My volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig(d.w.s. met gebroke harte bely en onderneem om nie verder te sondig nie) en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die Hemel hoor en hulle sonde(wetsoortredinge) vergewe en hulle land genees(2Kron7:14). Dan is daar ‘n ander vlak van oortreding. Die Volk word gewaarsku teen korruptering van die grondwetlike onderneming.

Wanneer die Soewereiniteit van die Koning geminag word en hoogverraad gepleeg word sal die Koning Sy Naam oor die Volk kanselleer, die Grondwet vir selfbestuur onder Sy Koningskap ophef en die Volk onder heidense bestuur van vreemdes plaas. Tog bly die versekering dat die Koning Sy Almag en Genade sal toon om hul weer eendag in die toekoms as Sy Verbondsvolk te herstel vlg.Deut.4. Die Geloftevolk aan die Suidpunt van Afrika is kinders van die Nuwe Verbond. Vele herders van hierdie Volk ag nie meer die wetsbepalings van die Ou Verbond nie. JHWH (die HERE) van die ou Verbond het volgens hulle ‘n nuwe persoonlikheid aangeneem.

5.
Hy is nie meer die Wetgewer, Regter en Koning nie. Hy is nou diensdoenend om die mens (alle mense) deur die lewe te ondersteun met so min as moontlik teëspoed op die lewenspad. Die liefde van Christus sal dan alle moontlikheid van regsaak, tugtiging of strafgerig ter syde stel. Want waar die Wet nie meer bestaan nie kan daar nie oortreding wees nie en dus ook geen tugtiging nie. Maar wat leer die Skrif oor die Nuwe Verbond en die Man in wie hierdie nuwe Verbond gesetel is? Ons Vader maak vooraf bekend via die profeet: “Ek gee U (Sy Seun) as ‘n verbond van die Volk..."(Jes49:8b) "Kyk daar kom dae, spreek die HERE (JHWH), dat Ek vir Dawid ‘n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer.... Hy sal genoem word die HERE (JHWH) ons Geregtigheid."(Jer.23:5). ‘n Koning wat ook geregtigheid sal meebring. JHWH (die HERE) het gesweer.".. U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek" (Ps110:4, Hebr7:21) – in sover het Jesus (Yahshua) van ‘n beter Verbond borg geword (Hebr7:22).

Die Verbond van Horeb word nie nietig verklaar nie. “Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete (d.w.s. wat God deur die profete gespreek het) te ontbind nie, Ek het nie gekom om te ontbind nie maar om te vervul"(Matt5:17, Jak2:10). Onderhouding van die Wet sal voorgaan (Mat.5:18-19). Maar die Wet is nou gevestig in Christus (ons Messias). Daarom kon Hy die sigbare Wet uitbrei tot die dieperreg.

6.
Tot die vlak waar geen aardse regter meer kan oordeel nie maar slegs Hy (Matt6:22-48) “Wie My verwerp en My woorde nie aanneem nie, het EEN wat hom oordeel: die Woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel... die Vader wat My gestuur het... het My n gebod gegee wat Ek moet spreek en Ek weet dat Sy gebod die ewige lewe is” (d.w.s. geregtigheid binne die Wet)(Joh12:47-50). JHWH (die HERE) en Sy Wet het nie verander nie. “Ek is die HERE (JHWH),die Eerste,en by die laaste is Ek dieselfde"(Jes41:4b; 43:1; 48:12; Openb1:8,11 ; 21;6; 22:13). Maar ”die Vader...het die hele oordeel (regspleging) aan die Seun gegee (Joh5:22,27) “en Jesus sê: Tot ‘n oordeel(regspleging) het Ek in die wereld gekom"(Joh9:29).

Ons Messias sê: “As Ek nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie, maar nou het hulle geen verskoning vir hulle sonde (wetsoortreding) nie” (Joh15:22) Daar word egter ‘n nuwe beskouing m.b.t. wetsonderhouding aan kinders van die Nuwe Verbond gegee. Daar vind ‘n opskerping van die gewete plaas en ‘n hartsbegeerte word gewek. “Ek sal hulle

‘n nuwe Gees in hulle binneste gee...sodat hulle in My insettinge kan wandel” (Jer31:33-34; Eseg11:19,20; Eseg36:26,27; 2Kor3:23)
Die verpligting van wetsonderhouding verander tot ‘n liefdesgebod (Mat22:36-40; Luk10:27; Lev19:18). Dus:”Wie My gebooie het en dié bewaar (daarvolgens lewe), hy is dit wat My liefhet"(Joh14:21a).

7.
Die mens sal nog steeds tot in ewigheid deur onderhouding van die Wet lewe (Lev18:5a, Deut 32:46,47; 30:9,20; Joh12:50). Wat het God dan verbeter?
Deur Christus se ewige sondelose offer het Hy deur Sy volkome geregtigheid die mag verkry om die kinders van JHWH te onthef van die vloek van wetsoortreding(Gal3:12). Die Levitiese orde is beëindig en die Melgisedek orde ingestel in die Wetgewer, Regter, Koning en Hoëpriester as Middelaar in Christus. Die nuwe weg dan tot vervulling van die Wet vir die Huis van JHWH (Joh1:12; 6:40,47) is dan hierin geleë: "..as jy met jou mond bely en met jou hart glo...want met ons hart glo ons tot geregtigheid en met ons mond bely ons tot redding"(Rom10:8-10; Gal3:12).

Vooruit het die profeet dan die boodskap oorgegee: “maar die regverdige, deur die geloof sal hy lewe” (Hab2:4). Daar sal dus voortdurend oortreding wees van die sigbare sowel as die dieper-regstelsel. “As ons sê dat ons nie gesondig het nie (die Wet nie oortree nie) dan maak ons Hom tot ‘n leuenaar en is Sy Woord nie in ons nie."(1Joh1:10). "As ons egter ons wetsoortreding (sondes) bely, Hy is getrou en regverdig om ons sondes te vergewe (onskuldig te verklaar) en ons van elle ongeregtigheid (wanoptrede) te reinig" (1Joh1:9).

Die regsgeding van die Hoëpriester/Koning is dus voortdurend. Dis ook ‘n dringende geding omdat die verordenering tot kinders van JHWH (die HERE) in stand gehou moet word. “en dit is die wil van My Vader...dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie”(Joh6:29). Want die Wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Christus gekom. (Joh1:17)

8.
“En julle (die uitverkorenes) sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vry maak” (Joh8:32). Wetsoortreding sal dan deur die gewete aangespreek word en waar die gewete afgestomp word sal die uitverkore verbondskind herinner word deur tugtiging. Hiervan sien ons voorbeelde in die boodskappe wat die Messias stuur aan die gemeentes in Asië: Efese: “... bekeer jou anders kom Ek gou na jou toe en sal die kandelaar van sy plek verwyder"(Openb2:5) Pérgamus: "Bekeer jou anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog maak met die Swaard van My Mond" (Openb2:16) Thiatire: Groot verdrukking as hulle hul nie van hul werke bekeer nie (Openb2:20,22) Loadicea: “almal wat Ek liefhet bestraf en tugtig Ek. Wees ywerig en bekeer jou. Kyk Ek staan by die deur en Ek klop"(Openb3:19,20a) Die tugtiging om die uitverkorenes tot insig en verantwoording te roep is dus vandag nog ‘n skriftuurlike feit.

9.
Die skrywer aan die Hebreërs vermaan as volg: “ag die tugtiging van die HERE nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet” (Hebr12:5-6; Spr3:12). Wat moet die reaksie wees van hulle wat beskik oor insig en wysheid (Spr3:13):" Verneder julle dan onder die kragtige Hand van God sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd."(1Pet5:6; Jak4:10; Matt23:12). "God weerstaan die hoogmoediges maar aan die nederiges gee Hy genade"(1Pet5:5; Jak4:6). Apostel Jakobus skryf: “Nader tot God en Hy sal tot julle nader...suiwer die harte, weeklaag, treur en ween..."(Jak4:8,9) "Want EEN is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf"(Jak4:12).

Waar staan ons Volk m.b.t. hierdie Skrif getuienis deur ons geskiedenis en op die hede? Die Nederlandse volksplanters aan die Kaap met Jan van Riebeeck as hoof, was die oorbringers van die Protestantse geloofsoortuiging en lewensbeskouing. Dit was die geesteswortels waarop die toekomstige Afrikaner/Boerevolk as spruitjie begin ontwikkel het. Hierdie lewensingesteldheid se fundamentele begrip was geleë in die erkenning van die absolute soewereiniteit van God en die belewing van Sy uitverkiesende genade. Dit is dan ook binne hierdie verwysingsraamwerk wat Van Riebeeck die vrymoedigheid gehad het om op 6 April 1654 ‘n Belofte aan die HERE te maak.

10.

Hulle het die genadige Hand van die HERE daarin gesien dat hul series voorspoedig verloop het en dat hulle in die eerste twee jaar vele seëninige deelagtig was. Hulle het dan belowe om 6 April vasblywend as ‘n dank en biddag in te stel en as ‘n herinneringsbaken aan die nageslagte wat sou kom oor te dra, vir die weldade van die HERE.

Hierdie handeling tesame met die algemene lewensgerigtheid ten tye van die volksplanting bevestig dat hierdie volk in wording van die begin af Verbondsvolk, Geloftevolk is oor wie die Naam van die HERE uitgeroep is. Hierdie getuienis vind ons deur heel die vroeë ontwikkeling van die Afrikaner/Boerevolk. Nepgen, 1938(Sosiale gewete van die Afrikaner) stel dit dat hierdie ontwikkelende volk oortuig daarvan was dat hulle uitverkorenes van God is en behoort tot God se huishouding.

Die Afrikaner het ‘n eie volksiel en eie lewensrigting ontwikkel wat gewortel is in sedelike en sosiale norme wat voortgedra is vanuit die Europese geloofs-hervorming (Nepgen, 1938). Tog was die Van Riebeeck Gelofte vroeg reeds vergete (Swanepoel, Brief aan die Geloftevolk van Suid-Afrika). Hoewel die Afrikaner/Boer deur waarnemers getipeer was as streng godsdienstig en geglo het dat die beloftes in die Skrif letterlik op hul van toepassing is (Paul Fredricq, Zuid-Afrika, 1875) het die HERE se waarskuwings egter by hul verby gegaan.

11.

“As jy aan die HERE jou God ‘n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die HERE jou God sal dit sekerlik van jou eis en dit sal sonde in jou word” (Deut23:21; Pred 5:3) Na die geweldige oplewing van die volksnasionalisme was 6 April weer as vakansiedag ingestel. Hierdie keer egter om die stigting van die volk te gedenk in plaas daarvan om God te vereer.

Die HERE (JHWH) sou dan ooreenkomstig Sy waarskuwings sederd die vroegste tye tot vandag toe hierdie nalating in ag neem en sou daar ‘n regsgeding met Sy uitverkorenes gevoer word wat slegs beëindig sal word wanneer hierdie Gelofte weer eerbiedig sal word tot die welbehae van die HERE(JHWH).

So sien ons van die vroegste tye af die verwoesting van die handewerk deur die barbaredom. Ons sien die minagting vir die volk deur die Britse heersers. Ons sien die smarte en ellende in die pioniersdae wat ook ‘n hoogtepunt bereik het met die moorde by Bloukrans en Boesmansrivier. Hierdie ramp was ook moontlik deel van God se regsgeding met Sy volk. Die nuwe Volk was godsdienstig. Geloof en hoop het nie ontbreek nie.

12.

Daar is egter ook vele getuienis van liefdeloosheid en onverdraagsaamheid. Die verafgoding van leiers het al kop uitgesteek en eiesinnigheid (afgodediens, 1Sam15:23) was al reeds ‘n kenmerk. Hierdie aspekte kon al tot ‘n groot mate bygedra het tot die blootstelling by Bloukrans en Boesmansrivier. Maritz se trekgroep was in laer verskans. Die ander wou nie daarop ag slaan nie. Ons sien ook die minagting wat Retief teenoor Maritz getoon het omdat hy hom gewaarsku het om nie met barbare te onderhandel nie omdat hulle nie vertrou kon word nie. Ons sien die eiesinnigheid van Piet Uys wat hom nie wou steur aan Potgieter se waarskuwing om nie in die beboste klowe in ‘n moontlike hinderlaag gelok te word nie. Ons sien die minagting en hoon van trekkers teenoor Potgieter omdat hy Uys nie wou volg nie (2009, De jager, Bloedrivier).

Die trekkersvolk is egter terug gebring tot ‘n punt waar hul alleeen by die HERE (JHWH) vir oorlewing sou skuiling soek. Onder die besef van die oormag van die Zululeër, begin bring Andries Pretorius se kommando as ‘n geloofsgemeente ‘n Gelofte aan die HERE (JHWH).

13.

Die wese van die Gelofte was:

A. Smeek die HERE se hulp af
B. Hulle beloof dan:
    a. Om die wonderdaad aan die wêreld bekend te maak en dit te laat opteken;
    b. Om dit aan die nageslag te vertel;
    c. Om die weldaad van die HERE jaarliks te herdenk; en
    d. Om ‘n huis vir die HERE te stig waar en wanneer dit Hom sal behaag.

Die Gelofte is elke aand afgelê en onwetend wanneer kontak gemaak sou word. As teken van heiliging het die HERE (JHWH) dit toe bewerkstellig dat die Gelofte 7 keer afgelê word voordat kontak gemaak was en die wonder oorwinning plaasgevind het.

Die Bloedriviersage is dadelik bekend gemaak. Opgeteken en in koerant gepubliseer. Sporadiese herdenkings het eers vanaf 1865 begin plaasvind. Die vooruitskouing van toekomstige staatkundige bestuur as ‘n volkshuis vir die HERE (JHWH) was verbloem as sou die bou van ‘n kerkie in Pietermaritzburg hierdie belofte gestand doen. Tog kan ons in die daaropvolgende staatkundige ontwikkeling van die Boere Republieke hierdie begeerte en strewe sien om as “Godsvolk” ‘n volkshuis tot eer van God tot stand te bring.

14.
Hoewel hierdie ontwikkeling moontlik nie gespruit het uit die onderneming by Bloedrivier nie, was dit n logiese kulminering van geloofsdenke wat gevolg gegee het aan ‘n Godsgerigte volksordening. ‘n Vroeë praktiese voorbeeld hiervan vind ons in ‘n proklamasie gedateer 18 Julie 1846, wat onderteken was deur A.H. Potgieter, C.J. Eloff en T v.d. Walt, wat soos volg lui: “Aangaande de Wetten waarna wy zullen geregeerd moeten worden sal by die aankomste van het publiek geinformeerd worden, na de suwereine regel van Gods Woord die de regel van ons leven is.... (Gerdener, Boustowwe van die geskiedinis van die N.G. Kerke in die Transgariep)

Pres. Kruger het daarop gewys dat die plegtige Geofte van 16/12/38 deur die volk uit die oog verloor is en nie nagekom is nie. Hy het heel waarskynlik

die nie-nakoming van die herdenkings klousule in gedagte gehad aangesien die staatkundige onderneming verbloem was met ‘n kerkbou aksie. Maar tog was Kruger die enigste volksleier in ons geskiedenis wat die HERE se tugtiging in verband gebring het met die nie-nakoming van die Bloedrivier Gelofte. Die donker dae oor die volk het verwys na ‘n staatkundige ingryping met die Britse anneksasie op 12 April 1877. Hy het ook daarop gewys dat die volk getugtig word en in benoudheid gebring word sodat die volk die HERE in eensgesindheid kon aanroep.

By Kruger was daar dus geen twyfel oor sonde, strafgerig, verootmoediging en terugkeer tot God nie (die lewende verlede. F.A van Jaarsveld, soos aangehaal deur Swanepoel, Die pad vorentoe). Op 16/12/1880 is die Gelofte van Bloedrivier hernu tesame met die eed van getrouheid deur sowat 6000 burgers. Indien die HERE uitkoms sou gee sal daar ook elke jaar te Paardekraal ‘n volksbyeenkoms wees om die Bloedrivier Gelofte te herdenk. Maar nadat die HERE (JHWH) die wonder uitkoms gegee het, het die onderneming ook mettertyd skipbreuk gelei. Verder is daar getuienis van wanpraktyke in die ZAR regering nadat die vryheid herstel was na die eerste Anglo-Boere Oorlog (ABO1).

Omkopery, die toekenning van monopolistiese kontrakte, nepotisme en die hantering van buitelandse aangeleenthede was o.a. sake waaroor Kruger se vertroueling, Ds. S.J. du Toit, die president gewaarsku het sodat du Toit in onguns verval het en afgedank is (D Assenville, S.J. du Toit; Donkerstroom, C v.d. Merwe).

Die HERE (JHWH) doen Sy waarskuwing gestand. “As julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig (Lev26:18). Die HERE (JHWH) het die grypsig van die vyand weer aangestig “julle haters sal oor julle heers...” (Lev26:17).

Die London konvensie van 1884 waarin die suseniteit geskraap is en die ZAR se volle soewereiniteit erken is, is skielik op 16/10/1897 deur Chaimberlain ontken. Op 19 Okt 1899 het hy dit as ‘n grap afgemaak. “You may call it abracadabra if you like...” "It was a new and undefined power of overlordship over the South-African Republic, as far as Chamberlain was concerned, that grew constantly in scope until there was no aspect of the internal and external life of the ZAR, with which he did not claim the right to interfere, thus destroying entirely the independence and sovereignty of the state and making the terms of the London Convention of 1884 null and void, just another scrap of paper” (South-African struggle, Capt JJ Mc Cord)

Die tweede Anglo Boere Oorlog (ABO2) neem in aanvang 11 Okt 1899. Die soliede burgermag van ABO1 verander mettertyd in een van die grootste plegings van hoogverraad in die onlangse geskiedenis. Van die 80 000 opgeroepte burgers pleeg sowat 40 000 verraad. Nederlaag, grootliks met die hulp van die verlooptes aan die vyande, en smarte tref die Volk.

Met die begrafnis van Genl Joubert op 29 Maart 1900, sê Pres Kruger: “... laat mijn zeggen dat de dagen duister zijn. Wij lijden verliezen, omdat zonde heerschende is in ons land” (Begrafnis Genl. Joubert, Toespraak deur Pres. Kruger, De Zuid-Afrikaan, Mei 1990). Kruger sien die Boervolk as ‘n uitverkore Volk in wie se geskiedenis God ingryp en alles rig volgens Sy wil. Die Engelse beskou hy as God se instrument om die Afrikanervolk te tugtig daarom rig hy nie verwyte nie maar is meer begaan oor die “sonde” van sy eie volk.

Ons sien in die Skrif veral twee kategorieë van strafgerig oor die HERE (JHWH) se volk, nl.: Natuur terugslae en staatkundige terugslae waarvan vreemde oorheersing die swaarste is. Soos in die geval van die ou Volk Israel, waar die toekomstige wel en weë reeds aan Moses bekend gemaak is tot by die

koms van die Messias, net so ook is die wel en weë van die Geloftevolk opgeteken tot voor die tweede koms van die Messias.

Die kiemplantjie vir die Boervolk se uiteindelike ondergang en die daaropvolgende finale herstel in ‘n Godgeregeerde Volkshuis in die vervulling van Jes 18 en Sef3, word reeds in 1891 in die ZAR geplant. Genl. Piet Joubert delf die onderspit teen Pres. Kruger in die verkiesing. Ter voorbereiding vir die volgende verkiesing stig hy ‘n party op 1 Julie 1891(Unie der ZAR) om liberale steun te werf. Hy kry steun van die Engelse pers en die liberale Afrikaanse koerant, Land en Volk, onder redaksie van Eugene Marais (die Nas. Party, Deel1, INEG, UOVS, 1983). Hierdie was die eerste party wat ten doel gehad het om verdeeldheid en tweedrag in die volk aan te stig.

18.
Dit was die teendeel van die Afrikaner Bond wat in die Paarl in 1882 deur S.J. du Toit gestig was om Afrikaners landwyd teen Engelse oorheersing te verenig. Dit is insiggewend dat hierdie party nie groot inslag kon vind in die Boere Republieke nie omdat die burgers “hulle genoegdoening gevind het in hul histories verworwe Christelike, Blanke Republiekanisme(N.P. Deel1, INEG,UOVS1983) Sedert die vroegste dae is die HERE(JHWH) in ‘n regsgeding met Sy verstrooide gemeente onderkant die riviere van Kus. Met fisiese swaarkry en ekonomiese rampe het die HERE(JHWH) ons volk deur die geskiedenis dikwels tot inkeer en verootmoediging gebring en weer uitkoms gegee(ekonomiese nood is een van die soort ellendes waarvan die mense hulle die skerpste en onmiddelikste bewus word)(Trouwe Afrikaners, J.C. Steyn, 1987, Tafelberg uitgewers).

Die vlam van volksverloëning is ook aangesteek deur die party van Genl. Joubert sowel as Jan Hendrik Hofmeyer (nadat hy die Afrikaner Bond van S.J. du Toit gekaap het) waar die doel toe was om die goedgesindheid van die nie-Afrikaners te kry (N.P. Deel1, INEG, UOVS1983). Die Afrikaner/Boer word dan sederd 28/1/1905 (HET VOLK) en 3 Mei 1906(Oranja Unie) in die Britse verkiesingsisteem ingedompel ter verkryging van selfbestuur onder Britse toesig. Tweedrag, haat en nydigheid word ‘n deel van die Afrikaner/Boer se politieke verwysingsraampwerk, gevoed deur leiers-aanbidding, nasionalisme, liberalisme en globalismee.

19.
Die jaar 1938, met die simboliese ossewatrek en die inwyding van die Voortrekkermonument, word gestel as die jaar van die hergeboorte van die Afrikaner Nasionalisme. Tesame met hierdie opbloei wat hierna gevolg het, het die herdenkings byeenkomste van die Bloedrivier Gelofte ook landwyd tot aan die voet van Tafelberg begin plaasvind. Die oplewing van Nasionalisme het egter die feeste oorheers.

Hoewel die Republikeinse versugting al sterker op die politieke horizon verskyn het, was daar geen begrip van die vervulling van die staatkundig religieuse onderneming by die Slag van Bloedrivier nie. Volgens die algemene opvatting was die enigste uitstaande verpligting die herdenkings klousule. Daar is toe ook sterk klem gelê op die Sabbatsklousule wat later deur Sarel Cilliers op sy sterfbed bygevoeg was maar nooit deel was van die oorspronklik onderneming by die Slag van Bloedrivier nie. So bv. moes Dr. Eben Donges as Minister van Binnelandse sake ‘n stuk wetgewing waarin dit onder meer vir die bioskoopbase moontlik sou maak om normale bioskoop vertonings op Gelofgte dag aan te bied, laat vaar weens die groot teenstand wat hy in die NP koukus gekry het. Dit was in die begin van die vyftiger jare.

20.
Die Afrikaanse kerke het Dr. Verwoerd kom spreek en die Blanke mynwerkers het geaggiteer dat Geloftedag as ‘n betaalde vakansiedag verklaar moet word. Dit het DR. Verwoerd toe gedoen in Mei 1959(van Malan tot Verwoerd, B.M. Schoeman, 1973). Nooit was daar egter enige volksleiers wat uitgesproke was oor ‘n volkshuis as aardse Koningkryk van die HERE nie. Maar tog was die Naam van die HERE (JHWH) grondwetlik oor ons volk uitgeroep en Sy Almag in erkenning gebring.

Die HERE het onder hierdie faandel die volk ongekend geseën. Maar die Volk het haar vergryp aan die materiële. Materiële voorspoed het die lokaas geword wat voorgehou was deur politieke leiers om verwagtings vir ewigdurende voorspoed na te jaag. So besete het die Volk geword dat hul die aanloop tot statutêre verraad nie wou raaksien nie en die aantasting van die erkenning van die algehele soewereiniteit van die HERE (JHWH), die volk min geskeel het. Soos wat die ou Volk van Israel hoogverraad gepleeg het teen die Koning van alle konings wat hulle uitverkies het as Sy eiendomsvolk, net so het ons Afrikaner/Boerevolk hoogverraad gepleeg teen die Koning wat deur hul vaders aangeroep was as die Enige Almagtige God. Die volk het nie die minste ten bloede toe weerstand gebied teen die gelykmaking van die Almagtige se drumpel met die van die afgode nie(Hebr 12:4)

21.
Strafgerig sou verseker volg vir die Volk wat die HERE wil berei om alleenlik Sy Lof te verkondig. Strafgerig in die ergste graad sedert Adam en Eva. Sonder slag of stoot word hierdie eens magtige Volk van Afrika vrywillig onderwerp aan die barbaredom wat hulle self mak gemaak het. Verder het die HERE (JHWH) die deel van die Afrikaner/Boerevolk wat vrywillig afstand doen van hul volkskap, verhoog na sowat twee derdes. Hul het hul sin verloor in hul volk en haar roeping. Maar hierdie is alles ‘n voorspel in die HERE(JHWH) se bereiding van hierdie volk soos wat 2747 jaar gelede via die profeet aangekondig is en profeties 180 jaar gelede as Verbondsbelofte deur die vaders voor die HERE (JHWH) afgelê was.

Die ranke van die wingerdlote wat uit die Koning (Wingerdstok) gegroei het, het opgehou vrugte dra en is afgekap in die tyd wat die druiwe ryp sou raak.(Feb 1992, Apr 1994; Jes.18) Die volk in ballingskap in die land wat hulle self gebou het sal nou in die ergste graad getugtig word. “Wilde diere sal ons kinderloos maak. Ons eiendom en ons mense sal verminder word sodat die paaie verlate sal word. Ons sal oor verbondsverbreking die swaard oor ons kry en ons sal weerloos wees in die hand van ons vyande en al die ou siektes wat deur ons gesondheidstelsel uitgeroei was sal weer as pes onder ons verskyn. (Lev.26:22 –25).

Dit sal voortduur totdat ‘n gedeelte van die volk wat die HERE sal behaag weer in hart en siel die Geloftes sal eerbiedig en by Hom alleen skuiling soek om oor hul as Koning te regeer. Dan sal Hy as Soewerein die viand wegvee en by Sy Volk woning maak. Die onderneming by Bloedrivier sal in vervulling gaan en die Volkshuis wat die Koning se Lof sal verkondig sal tot stand kom (Teokratiese volkshuishouding) wanneer die HERE (JHWH) ons lot voor ons oë sal verander (Jes.18 730VC; Sef.3 600 VC).